# ONTWRIGTING VAN DIE ELMBOOG

**Wat is elmboog ontwrigting**

Dit onstaan wanneer die humerus of bo-armbeen ontkoppel word uit die keep in die ulna of ellepyp??

**Wat is die oorsaak van 'n elmboog ontwrigting**

Dit vind gewoonlik plaas as gevolg van trauma soos val of motorvoertuig ongelukke en word ook gesien in kontaksport soos rugby en stoei. Gepaardgaande frakture en ligamentbeserings is algemeen.

**Wat is die simptome**

Die pasiënt sal 'n klapgevoel ervaar gevolg deur erge pyn en verlies aan funksie van die arm. Sensasieverlies en 'n prikkel gevoel mag in die hand teenwoordig wees. 'n Duidelik sigbare elmboog deformiteit is in die meeste pasiënte ook sigbaar.

**Hoe word 'n elmboog ontwrigting gediagnoseer**

Dit word klinies gediagnoseer. X-straal foto's wys frakture uit wat ten tye van die ontwrigting plaasgevind het.

**Hoe word elmboog ontwrigting behandel**

Die chirurg plaas die elmboog terug in plek deur manipulasie van die ulna. Gepaardgaande frakture word dan hanteer. Ligamentskeure vind plaas as gevolg van ontwrigting en word gewoonlik nie-operatief behandel tensy die elmboog na terugplasing of reduksie onstabiel bly.